LITURGIE, SIMBOLIEK en KUNS

is eeue-oue vennote

Dave Viljoen

Dave Viljoen is predikant by die NG gemeente Kenridge en doen tans navorsing oor liturgie en die visuele.

"The mind never thinks without a picture." [Aristoteles]

'n Interessante feit oor rotskuns uit die San-era is dat dit nie op kunsbeoefening in die eerste plek dui nie, maar op religieuse byeenkomste. Die rotskuns was die medium waardeur spirituele boodskappe vanuit die bonatuurlike wêreld deurgegee is. Die pragtige Afrika-rotskuns dra stille getuienisse van ritualistiese shamanistiese aanbiddingsgeleenthede (waaronder alternatiewe bewusthede, genesing, aanbidding en magie beoefen is). Dit was byeenkomste waar die vroegste inwoners van Afrika tydens hul "liturgieë" ritmies, handklappend en dansend kontak gemaak het met hulle spirituele wêreld [Southey et al 1999:53].

Die rotskuns is gedoen deur die shamans (spirituele reënroepers, -genesers, -jagvoorspellers en -besweerders) wat in 'n toestand van trans die boodskappe vanuit die bonatuurlike wêreld in kunsvorm met bekende simbole en kunsvoorstellings weergegee het.

Hoewel hierdie soort kosmologiese shamanisme – vanuit 'n Christelike perspektief – as godsdiens ten sterkste afgewys moet word en inherent boos is, wys hul religieuse geskiedenis tog uit dat mense 'n behoefte daaraan het om deur middel van deelnemende kuns en simboliek uitdrukking te gee aan transendente kommunikasie tydens ontmoetings van aanbidding. Soos Pieterse (1997) skryf: "Die kommunikatiewe krag van simbole lê daarin opgesluit dat dit na wêrelde verwys wat buite ons sigbare werklikheid bestaan."

Uit 'n kommunikatiewe oogpunt vul kuns en simboliek die verbale Woord-kommunikasie aan en spreek dit die mens as verhoudingswese (emosioneel, affektief, transendent, ensovoorts) en as totale wese aan. Hoe meer sintuie betrek word, hoe meer volledig die proses van kommunikasie. Met die oordrag van emosie en gesindheid word 'n skrale 7% verbaal oorgedra en waar sosiale betekenis in kommunikasie oorgedra word, word 35% deur woorde oorgedra en 65% deur ander nie-verbale fasette. Nie-verbale kommunikasie kommunikeer eenvoudig magtiger as verbale kommunikasie.





Een van die heel grootste herlewingsbewegings ooit, die Morawiese beweging van Herrnhutt, het byvoorbeeld uit 'n kunsgebeurtenis in 1719 vlam gevat en gedy. Graaf Nikolaus Ludwig von Zinzendorf het in die Düsseldorf Kunsgallery die skildery van Jesus met 'n doringkroon op sy kop (met die onderskrif: "Dit alles het Ek vir jou gedoen. Wat doen jy vir my?") gesien en daaruit 'n nuwe roeping en inspirasie ontvang. Die skildery was Domenico Fetti se Ecce Homo. Hy het daarna in 1722 aan die Morawiërs 'n heenkome op sy landgoed gebied waarvandaan die evangelie met baie passie na die hele wêreld geneem is.

Ecce Homo
1543
Canvas,
H 242 cm,
W 361 cm
GG Inv. No. 73

Die meer sintuiglike, regterbrein-aanslag van kuns en simboliek mag nie die kognitiewe styl van die Reformatoriese tradisie moet vervang, ophef of uitskakel nie – maar wel aanvul. En verder moet dit uit die Woord vertrek om Goddelike ervarings (shekinah), Woord-beginsels en Woord-emosies af te smeer op mense en op die wêreld. Leonard Sweet skryf: "Experience is not the final arbiter of truth. Experience cannot be trusted except it has been transfigured by Scripture and Tradition. Besides, there comes a time when it's not time for experiences, but for obedience. It is up to the church to offer the Cyber Age Christ-initiated, biblically generated experiences." Selfs vir Calvyn was experientia van God, bestaande uit … "a conviction, a realization, and a feeling ", baie belangrik om verlossing uit die Woord en geloof mee aan te vul en te versterk.

Uit 'n liturgiese perspektief dra kuns en simboliek in die liturgie die wonderlike potensiaal saam dat dit lidmate laat deelneem. Die liturgie is bedoel om aan die gemeente te behoort (1 Kor 14:26) in terme van inklusiewe deelname soos die voorbereiding, die uitvoering en die beplanning daarvan. Hierin is kuns en simboliek baie waardevolle voertuie vir die liturgie. Die ou afrikaanse fliek "Paljas" wys nogal treffend uit hoedat die sirkusnar, Manuel, met al sy vorme van kuns – die enigste werkbare terapie was om die klein, stil, seergemaakte seuntjie, Willem, weer te laat lag en deelneem en praat en voluit lewe. Die (NG) kerk wat in "Paljas" uitgebeeld word, ly ongelukkig aan 'n tragiese, eksklusiewe, homogene sindroom waarin kuns en nar-lidmate nie welkom is nie. In die Skrif het koning Saul juis bevryding gevind van 'n bose gees terwyl Dawid hom met die kuns van musiek bedien het (1 Sam 16:23). Jesus het tog duidelik gesê ons moet die Here liefhê met al ons verstand, maar ook met ons hele hart (Matt 22:37).

In die praktyk kom dit daarop neer dat:

- Jan de Wet vaar met sy Bybel, CD's en kitaar net so skitterend met sendingweke as ons serebrale predikers.
- Die logiese opsommings op Powerpoint kan gereeld afgewissel word met video-grepe (of aangevul word met kunstige agtergrond) op die groot skerm. Want die beeldende kuns kruip tot binne-in mense se diepste emosies.
- Die liturgieë op Sondae moet lidmate se koppe, hande, harte en mistieke tenks – al hulle sintuie – tref.
- Sangdienste, opvoerings, drama's en mimieke moenie net gereserveer word vir Kersfees en Pase nie, maar dwarsdeur die liturgiese jaar weergalm.
- Die hoendervleiservarings van Katolieke aanbiddingsruimtes en charismatiese musiekgroepe maak ons Gereformeerde lidmate baie lief vir Jesus Christus en vir die waarheid van die Bybel.

Bronnelys

1. BARNARD, M. 2000. *Liturgiek als wetenschap van christelijk riten en symbolen.* Vossiuspers, Amsterdam.
2. BARNARD, M. 2001. Prinses Diana als postmoderne heilige en een kerkdienst in een museum: Tendensen in de dynamiek van cultus en cultuur vanuit een West-Europees perspectief. *Verbum et Ecclesia 22(2):209-230.*
3. LONG, T.G. 2001. *Beyond the Worship Wars. Building Vital and Faithful Worship*. Alban Institute.
4. MEHRABIAN, A. 1972. *Nonverbal Communication.* Aldine. Atherton. U.S.A.
5. PIETERSE, H.J.C. 1997. Die aantasting van simbole in die Afrikaanse kerke. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe 37(1):63-67.*
6. RAPPAPORT, R.A. 1999. *Ritual and religion in the making of humanity.* Cambridge University Press. UK.
7. SALIERS, D.E. 1990. Liturgy as art. *Liturgy 8(3):9-13.*
8. SOUTHEY, N. 1999. *Precolonial South Africa.* Unisa.
9. SWEET, L.I. 2000. *Postmodern Pilgrims. First Century Passion for the 21st Century World.* Broadman & Holman Publishers. Nashville, Tennessee.
10. VOS, C.J.A & PIETERSE, H.J.C. 1997. Hoe lieflik is U woning. RGN. Pretoria.
11. WITVLIET, J.D. 2001. We are what we sing. *Reformed worship 60:4-9.*